PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **9 JULIE 2013**

PIETERSBURG

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Bertus Visagie Tel. No. 083 495 5134 e-pos: bvisagie@vwpolokwane.co.za
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING
## STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br>Dennis Traynor open die vergadering met gebed waarna Rudi Myburgh almal teenwoordig welkom heet by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| **1.2** | **Voorlees van Doelstellings**<br>Rudi lees die doelstellings van die Vereniging voor. | Almal |
| **1.3** | **Verskonings / Apologies**<br>Fanie Hattingh, Adrian Wreyford, Stephan Coetsee, Frikkie van Deventer, Andrè de Lange, Pierre Mouton, Wouter Chalmers, Werner Thom, Callie Mouton, Dries Roux. | Almal |
| **1.4** | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| **1.5** | **Mosies / Motions**<br>1.5.1. Simpatie word uitgespreek met Abel Coertzen na die afsterwe van Brenda.<br>1.5.2. Sterkte aan Hester Myburg na haar rug operasie.<br>1.5.3. Sterkte aan Bertus Visagie wat geopereer gaan word. | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence** | |
| | Geen korrespondensie is ontvang nie. | Almal |
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes | Almal |
| | Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 4 Junie 2013. | |
| | 1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes | |
| | 1.5.2. Verander "Meyburg" na "Myburgh". | |
| | 1.9.1. Verander "dii" na "die". | |
| | 1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by | |
| | Stan Rodgers | |
| | 1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by | |
| | Dennis Traynor | |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake** | |
| | 2.1. My Bonis kaart – Nico Wepener | |
| | 2.2. Algemene Jaarvergadering – Rudi Myburgh | |
| | 2.3. Webwerf – Rudi Myburgh | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.9.1 Skietbaan | |
| | Rudi rapporteer dat die tafels by die 50m baan geplant is. Daar is ook nog 5 stoele vir die 100m baan voltooi wat opgesit moet word. | Rudi Myburgh |
| | 1.9.2 Jaggeleenthede | |
| | Rudi bevestig dat daar jaggeleenthede op die BJV webwerf beskikbaar is. | Almal |
| | Daar is blouwildebeeste beskikbaar op die Roodepoort pad. Prys is R3000.00 met R100.00 dagfooi. Kontak Steven van Zyl by 082 824 2163. | |
| **1.10** | **Opleiding / Training** | |
| | 1.10.1 Chasa kursus | |
| | Stan Rodgers rapporteer dat die kursus op 6 Junie plaasgevind het en dat 19 lede die kursus voltooi het. | Stan Rodgers |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Todusver het daar 42 lede die Chasa kursus gedoen die jaar. | |
| | 1.10.2 Baanbeampte kursus | |
| | Stan sal `n datum bepaal en die inligting deurgee. | Stan Rodgers |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters** | |
| | 1.11.1 Algemeen | |
| | Rudi versoek weer dat bewyse van jagte en ander aktiwiteite so gou moontlik na Debbie gestuur moet word vir registrasie. Toegewyde jagters se ledegelde vir die 2012/13 jaar moes voor die einde van November 2012 betaal gewees het. | Toegewyde Jagters |
| | 1.11.2 Nuwe goedkeurings | |
| | Rudi Myburgh rapporteer dat daar geen nuwe aansoeke was gedurende die afgelope maand nie. | Almal |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report** | |
| | Ben Redelinghuys lewer verslag vir Junie 2013. Die verslag is by die oorspronklike notule aangeheg. `n Bedrag van R3000.00 word bewillig vir die aankoop van pryse vir die rondomtalie skiet. | BRedelinghuys |
| **1.13** | **Sosiaal / Social** | |
| | 1.13.1. Algemeen | |
| | Rudi noem weer dat daar na die vergadering saam geëet word. Die bedrag wat die tak betaal word verhoog na R30.00 per lid. Die lid betaal dan die uitstaande deel van die rekening. | Almal |
| | 1.13.2. Wildsproe | |
| | Rudi rapporteer dat die reëlings voort gaan. Die funksie sal op 6 September 2013 plaasvind. | Rudi Myburgh |
| **1.14** | **Skietdae** | |
| | 1.14.1 Chasa Posliga Jaggeweer (Terugvoer) – 22 Junie 2013 | |
| | Dennis gee terugvoer oor die dag en rapporteer dat daar 59 inskrywings was waarna hy die uitslae lees. | Dennis Traynor |
| | 1.14.2 De Loskop – 27 Julie 2013 | |
| | Die dag sal `n boslaan kompetisie wees met papier teikens tot op 200m en `n ghong baan met teikens tot op 400m. Daar sal ook handwapens en moontlik boogskiet wees. | Dennis Traynor |
| | 1.14.3 Rondomtalie – 24 Augustus 2013 | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Augustus se skietdag sal `n rondomtalie skiet wees. Rudi vra vir prysborge. Pryse sal per afdeling toegeken word asook aan algehele wenners. | Rudi Myburgh |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **My Bonus kaarte**<br>Nico Wepener noem dat lede My Bonis kaarte gaan kry waarmee hulle punte kan versamel tydens aankope by deelnemende handelaars. Punte kan dan weer ingeruil word soos kontant tydens aankope. | Nico Wepener |
| **2.2** | **Algemene Jaarvergadering 2013**<br>Rudi noem dat die vergadering van 3 September 2013 die tak se Algemene Jaarvergadering sal wees. Die notule van 2012 asook nominasie forms vir bestuurslede is op die webwerf beskikbaar. | Almal |
| **2.3** | **BJV Webwerf**<br>Rudi lewer `n demonstrasie van die webwerf en die inligting wat daar beskikbaar is. | Almal |

## 3. ALGEMEEN<br>GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| | Geen bespreking het plaasgevind. | |

## 4. VOLGENDE VERGADERING<br>NEXT MEETING

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal plaasvind op 6 Augustus 2013 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi Myburgh bedank almal vir hulle insette gedurende die vergadering. Almal word uitgenooi om saam te kom eet en sosiaal te verkeer. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

______________________ ______________________

Sekretaris Datum

______________________ ______________________

Voorsitter Datum